

- Gee wenke vir onge-dierte-probleem - bl.2
- Hoe lyk Desember-aan-bod van skaapvleis? - bl. 5
- Parasietweerstand is 'n werklikheid - bl. 8

KLK Gesprek

Nuusblad van KLK Landbou Beperk | Vol 4/November 2011

Ramskop abattoir-projek verloop klopdisselboom

KLK, in samewerking met die Calvinia-produisente, het besluit om die Ramskop abattoir op Calvinia op te gradeer. Dié kapitaalprojek van ongeveer R4 miljoen sal deur die Wes-Karoo Vleisproduisente, KLK en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming gefinansier word.

Die bydrae van die Departement is opgedeel in R1,1 miljoen as 'n belang vir opkomende produisente van die gebied en R400 000 as 'n belang vir die werkers van die abattoir.

KLK sal steeds die beheerende aandeel (51%) in die abattoir behou. "Die rede hoekom KLK sy 100% aandeel opgedeel het, is om die gemeenskap geleentheid te gee om 'n belang in die besigheid te koop. Die abattoir sal nou op sy eie funksioneer en ook oor 'n eie direksie beskik," het Deon Heyns (Bestuurder: KLK Vleis) gesê.

Die opgraderingsprojek het in Oktober vanjaar afgeskop en die beoogde voltooiingsdatum van die abattoir is vroeg in die nuwe jaar. "Ramskop was altyd 'n lae deurset abattoir (250 diere), maar na die voltooiing van dié projek sal die slagpale as 'n hoë deurset abattoir (500 diere) geklassifiseer word," het Heyns gesê.

"Na die voltooiing van dié projek sal die slagpale as 'n hoë deurset abattoir (500 diere) geklassifiseer word."

Nadat die aanbouings gedoen is, sal die abattoir aan die nuutste higiëne- en rooivleisregulasies voldoen. "n Nuwe slaglyn word aangebring, wat sal bydra tot die verbetering van higiëne in die abattoir," het Heyns gesê.

Van die ander veranderinge by die abattoir sluit in: 'n nuwe vloer vir beter dreinerings, nuut geteelde mure, 'n nuwe koelkamer vir meer hangspasie en 'n skeiding tussen die skoon en vuil afdelings word ook aangebring, sodat daar geen kontaminasie plaasvind nie. Nuwe ontspannings-, aantrek- en eetgeriewe sal ook vir die personeel gebou word.

Daar word op 'n deurlopende basis gekyk waar verbeteringe by KLK se abattoirs aangebring kan word, omdat die abattoirs op 'n jaarlikse basis deur 'n onafhanklike maatskappy geoudit word. Die abattoir op Upington is vroeg in 2010 opgeknop.



Konstruksie van die nuwe koelkamer (koelkamer-af-dak).



'n Sy-aansig van die hoofingang.



'n Nuwe koppe- en pote-kamer word gebou.



'n Nuwe slaglyn word ingesit.



Aan die Woord...

Stewige wegspring met eerste helfte van 2011/2012

KLK het goeie finansiële resultate bekend gemaak vir die eerste ses maande van die 2011/2012 finansiële jaar.

Die verdienste van R7 miljoen vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2011 verteenwoordig 'n styging van 27,5% teenoor die ooreenstemmende periode van die vorige jaar.

Hierdie beter resultate word toegeskryf aan die resultate van die Vleisafdeling, die Motorafdeling, *Build it* en SA Dorper asook die stewige winsbydrae van die Brandstofafdeling.

Die groepsomset van R660 miljoen is R84 miljoen hoër, hoofsaaklik omdat brandstofpryse met 22,1% gestyg het, maar ook weens die toename van 26,4% in verkoopte eenhede van die Motorafdeling.

Alhoewel slaggetalle verder gedaal het, het die styging van 24,1% in lamkarkaspryse asook die styging van beespryse, die daling in omset van slag- en veilingsgetalle, teengewerk.

Die Vleisafdeling het daarin geslaag om beter bruto winsmarges te behaal en ook om kostebesparingsmaatreëls te implementeer wat die laer slagvolume gedeeltelik teengewerk het en gevolglik 'n beter as verwagte winsbydrae gelewer het.

Daar was ook 'n verdere verbetering in die kontantposisie van die groep. Die Direksie verwag dat die winsgroei van die eerste ses maande gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar, herhaal kan word.

Aangesien hierdie November-uitgawe van *KLK Gesprek* die jaar afsluit, wil ons as Bestuur, Direksie en personeel vir u 'n geseënde Kerstyd toewens en mag 2012 'n voorspoedige en vreugdevolle periode vir u en u gesin wees.

Ons gesels weer in ons eerste 2012-uitgawe van *KLK Gesprek* wat in Maart verskyn.

Stephen van Huysteen Besturende Direkteur: KLK

* *Ds Wiehahn Maritz wat die geestelike rubriek, Pitkos vir die siel, op bladsy 6 van KLK Gesprek skryf, was ten tye wat dié November-uitgawe saamgestel is, in die buiteland. Sy rubriek sal weer in die Maart 2012-uitgawe te sien wees.*

Volbloed Suidwester gee nou ons tegniese advies

Stiaan von Wielligh, die nuwe Tegniese Dienste Bestuurder by KLK, het die leisels by Francois Theron oorgeneem en sal voortaan die gesig wees wat by KLK stoetveeilings te sien sal wees.

Stiaan is onder andere verantwoordelik daarvoor om tegniese advies vir produsente te gee rakende voeding, weiding en bestuurstelsels en om KLK se slaglamkompetisies te reël. Hy is ook betrokke by KLK se stoetveeilings en die bemerking daarvan en verleen ook hulp aan opkomende produsente en alle kleiner projekte rakende die veebedryf.

Dié gebore Marientaller het op 'n plaas grootgeword en daarom is die kleinvee- en nog meer die stoetveebedryf niks vreemds vir hom nie. Hy het aan die Universiteit van die Vrystaat studeer en het sy graad in BScAgric (Vee- en weidingskunde) verwerf, waarna hy sy BScHons (Wild- en weidingskunde) voltooi het.

Ná sy studies, het hy by Van Wyk Lewendehawe op Ermelo begin werk. Twee maande later het hy teruggekeer Bloemfontein toe om sy M-graad in Volhoubare Landbou te voltooi. In Junie 2007 het hy as Tegniese Adviseur by die Brahman Beestelersgenootskap van Suid-

Afrika begin werk. In Augustus 2008 is hy bevorder tot Projekbestuurder/Tegniese Adviseur by dié genootskap. In Oktober vanjaar sluit hy egter by die KLK Lewendehawe-span aan. Stiaan beskryf sy werk soos volg: "Die feit dat ek daarvan hou om met produsente te kommunikeer, met diere te werk en op veilings werksaam te wees, is reeds 'n bewys dat ek 'n passie het vir die bedryf," het hy vertel.

Volgens Stiaan adviseur 'n mens nie net produsente, telers en opkomende produsente nie, maar in dieselfde proses leer jy as mens soveel meer van die veebedryf en alle ander vertakings en bestuursmetodes wat produsente toepas. "Dit is lekker om produsente van advies te voorsien en te ondersteun en in die lang termyn die sukses daarvan te sien."



Hoe slaan jy ongediertes hok?

⇒ Lesers se wenwenke gevra

Verliese deur roofdiere soos jakkalse raak al meer 'n probleem. Produsente word gevra om hul suksesstories met die beperking van roofdiere, met ander *KLK Gesprek* lesers te deel. Indien jy 'n interessante patent het wat jy met mede-lesers wil deel, stuur 'n e-pos aan Ilse van Zyl by ilse@klk.co.za of stuur 'n faks na 086 550 0224.



Stelsel-verandering is die begin van nuwe dinge by KLK

KLK staan nou aan die einde van die eerste fase van die implementering van 'n nuwe inligtingstelsel. Dit sluit in 'n nuwe rekeningkundige platform (Accpac), 'n nuwe punt van verkopestelsel (RMS), 'n nuwe kliënteverhouding-bestuurstelsel (CRM) asook nuwe voorraad- en prysbeheerstelsels.

Dit is duidelik dat KLK wel oor die mediumtermyn die verwagte voordele uit die stelsel gaan kry. Hierdie voordele sluit in: 'n opgedateerde en moderne rekeningkundige platform, verbeterde kredietbeheer, die deursigtigheid van takinligting, beter voorraadbeheer en akkurater, sentrale prysbeheer.

Die projek was verseker nie maklik nie en dit het die span en partykeer ons kliënte se geduld en deursettingsvermoë tot die uiterste getoets. Daar is

ook nog 'n hele paar klein jakkalsies wat kliënte en personeel eindeloos frustrer, maar wat ook mettertyd opgelos sal word.



Deur die loop van die projek het KLK 'n paar aanpassings gemaak wat onder andere addisionele bedieningspunte op Kuruman en Calvinia ingesluit het asook ekstra personeelopleiding.

Vir ons kliënte gaan verbeterde voorraadbestuur teweegbring dat die regte voorraad, op die regte tyd (op takvlak) teen 'n kompeterende prys beskikbaar is. Tsaam met verbeterde kredietbeheer sal dit ook kliëntediens verbeter.

Hierdie is maar die begin van hope voordele vir ons kliënte en personeel en oor die volgende twee jaar sal al die aspekte van die stelsel ten volle benut word deur middel van toepaslike bestuursinligting.

Weer eens dankie aan alle personeel wat volhou met die verandering en agter die nuwe stelsel staan asook opregte dank aan alle kliënte wat deur die implementeringsfase geduldig was. Ons glo hiervandaan sal dit net beter gaan.

Die artikel is geskryf deur Arnold Human (Hoofbestuurder: Finansies).

KLK/Absa-alliansie: wat is op die spyskaart?

KLK se alliansie met Absa beskik oor verskillende multirisiko- en haelversekeringsprodukte om in die versekeringsbehoefte van die onderskeie produsente en finansiële sektore van die landboumark te voorsien.

Hierdie produkte is pasgemaak vir individuele produsente en 'n unieke berekeningsmetode word gebruik om die premiekoers vir 'n spesifieke aansoeker se agri versekeringsdienste te bereken.

Die volgende risiko's word deur die verskillende polisse gedek:

Haelversekering

Hael, brand, weerlig, ryp, 'n oormaat reën, transito- en chemiese spuitskade, sowel as windskade op droëbone in windrye soos gekwalifiseer.

Multirisiko-versekering

Dit sluit in risiko's genoem onder hael-

versekering, sowel as droogte (uitgesluit onder besproeiing), oormatige reën, windstorms, sneeu, vloede, verspoelings, koue, onbeheerbare plantsiektes of onbeheerbare plaë en hittegolwe. Indien versekerde skade veroorsaak het dat die plantestand baie swak is, sal die herplantkoste ook vir vergoeding oorweeg word.

Die oeswaarborg- en brand op weiding-polisse is by KLK se versekeringsadviseurs beskikbaar.

Die volgende gewasse kan onder andere met die multirisiko-polis verseker word: koring, gars, kanola, mielies, sonneblom,

graansorghum, sojabone, droëbone en vrugte met spesiale goedkeuring. Dit is derhalwe vir 'n produsent moontlik om sy risiko vir gewasverbouing met hierdie produkte te verminder.

Absa Versekeringsmaatskappy het ook verskeie nuwe produkte ontwikkel wat die produsent nog verder gaan help om sy risiko's te bestuur. Die oeswaarborg en brand op weiding-polisse is by KLK se versekeringsadviseurs beskikbaar.

Skakel jou naaste KLK-adviseur vir 'n gratis kwotasie en advies.

Upington

Hannes Botha: (054) 337-6277
De Wet Henn: 082 452 8193

Kuruman

Jaco Viviers: 082 511 7555

Calvinia

Iza Burger: 082 490 9670

Die korrekte gebruik van entstowwe

Daar word baie vrae (V) deur produsente oor die samestelling en gebruik van entstowwe gevra. Dr Faffa Malan, 'n formuleerder en eienaar van 'n groot internasionale entstofvervaardiger, antwoord (A) produsente se vrae.

V: Hoeveel tyd en navorsing het in die ontwikkeling van entstowwe soos byvoorbeeld Supavax (G2643) en Multiclos (G3392) gegaan voordat die produkte vir gebruik geregistreer is?

A: Dit neem baie tyd en arbeid voordat 'n nuwe entstof geregistreer kan word, veral as die entstof 'n paar antigene bevat. Antigene kompeteer met mekaar om die aandag van die dier se immuunsisteem te bekom. Dikwels verg dit groot vaardigheid van die formuleerder om die lading van antigene so te balanseer dat elke antigeen in die entstof na verwagting in die liggaam sal reageer.

Om 'n entstof as 'n kommersiële produk te registreer, moet die vervaardiger kan bewys dat die produk konstant teen 'n sekere standaard (tans internasionaal maar soms ook teen lokale standaarde) vervaardig word. Drie punte is van kardinale belang: veiligheid, effektiwiteit en stabiliteit. Al drie hierdie punte moet bewys word deur duur veldproewe in teikenspesies uit te voer. Hierdie proewe moet aan voorgeskrewe internasionale standaarde voldoen.

V: Daar is persone wat hulle eie entstowwe meng. Wat is die gevare hieraan verbonde?

A: Wanneer entstowwe vervaardig word, word protokolle (voorgeskrewe stappe hoe die entstof vervaardig moet word) streng nagevolg, sodat die verskillende lotte ("batches") entstof wat vervaardig word, aan die eise van veiligheid, effektiwiteit en stabiliteit voldoen.

Entstowwe verskaf nie "absolute beskerming" nie. Daar is 'n paar redes waarom selfs 'n goeie kwaliteit entstof faal. Die mees algemene redes is:

- Die dier is blootgestel aan 'n oorweldigende dosis van gifstowwe.
- Die dier het onvoldoende tyd ná inenting om immuniteit op te bou.
- Die fisiologiese status van die dier het die reaksie tot die entstof in die wiele gery.
- Inmenging van antigene met mekaar waar multivalente entstowwe gesamentlik toegedien word.
- Die entstof is onaktief gestel weens onbehoorlike hantering en berging.
- Maternale (biesmelk) teenliggame wat inmeng met teenliggaamproduksie as diere te jonk ingeënt word.
- Immunonderdrukking weens stres, wanvoeding, gelyktydige infeksie of die onvolwassenheid of seniliteit van die immuunsisteem.
- Swak inentings- en bestuurspraktyke.

Hierdie eise word ook deur die kwaliteit-versekeringsdepartement bevestig. Indien entstowwe self gemeng word, is daar geen bewese bewyse van veiligheid, effektiwiteit en stabiliteit nie. Die entstof kan dalk werk of dalk nie werk nie.

V: Indien entstowwe gemeng word, sal die dier se immuunsisteem teenliggame teen al die antigene in die entstof ontwikkel?

A: Moontlik of nie. Niemand sal weet nie, aangesien dit nie die formulering is wat tydens die registrasieproewe getoets is nie. Die praktyk om entstowwe te meng, moet ontmoedig word.

V: As nog 'n antigeen byvoorbeeld 'n multivalent entstof soos Multiclos (G3392) gevoeg word, sal hierdie antigeen met die ander inmeng?

A: Deur net een antigeen by te voeg, lei dit tot 'n heeltemal nuwe produk. Dit is tans 'n kopseer vir mense wat so 'n produk ontwikkel. Die nuwe antigeen meng in met die ander antigene of die stabiliteit van die produk kan in gedrang kom. Sommige van die antigene het verskillende kondi-

sies (byvoorbeeld pH) nodig vir stabiliteit. 'n Nuwe balans word nou benodig vir stabiliteit en dit is nie maklik om dit te bewerkstellig nie.

V: As inentings met verskillende entstowwe in dieselfde area van die liggaam toegedien word (byvoorbeeld die nek), kan hierdie entstowwe met mekaar reageer?

A: In die inspuitingsplek ontwikkel 'n klein inflammasieknoppie wat deel is van die immuunreaksie. Entstowwe bevat adjuvante, wat die antigene dra en hulle aan die liggaamsomgewing krystel. Hulle trek ook die aandag van die immuunsisteem sodat die teenwoordigheid van die antigene aandag trek as hulle vrygestel word. Dit is nie 'n goeie praktyk om te veel antigene gelyktydig toe te dien nie, alhoewel dit in die praktyk wel plaasvind. As die antigene van verskillende entstowwe afkomstig is, moet die entstowwe in verskillende areas toegedien word.

V: Is daar enige ander inligting wat jy uit jou ervaring met entstowwe met ons kan deel?

A: Entstowwe is nie towerprodukte wat alle siektes kan weerstaan nie. Die beste voorbeeld is lamsiekte. As kos wat hewig met die lamsiektetoksien (gifstof) besmet is, vir diere gegee word, is daar geen manier dat dié diere beskerm kan word nie. Ek sê nie inenting is nie die moeite werd nie, maar goeie bestuurspraktyke is ook nodig. Die entstof is daar om ongelukke, wat niemand kan voorkom nie, te verhoed en nie om vir swak bestuurspraktyke te kompenseer nie.

KLK gee erkenning aan dr Faffa Malan. Besoek gerus www.landbou.com en klik op "Vra vir Faffa" vir verdere inligting oor entstowwe.

Slenkdalkoors is 'n akute insekgedraagde virussiekte wat hoefdiere soos skape, bokke en beeste aantast.

Die effek wat Kloons 13 (die alombekende entstof teen dié siekte) op diere het, word in 'n omvattende verslag in die Maart 2012-uitgawe van *KLK Gesprek* bespreek.





Marksake...

Dis mos bakgat, Rooidam!

KLK het vanjaar die derde produksieveiling van die Rooidam Dorperstoet van Charel Strauss en Niekie Cilliers op Upington Skougronde aangebied. Rooidam het nie net by hierdie veiling sy staal gewys nie, maar ook by vanjaar se Nasionale Dorperveiling.



Bakgat is verkoop vir R300 000. Van links is Charel Strauss (Verkoper van Keimoes), Francis Visagie (Koper van Brandvlei) en Martin Com-pion Junior (Koper van Pofadder).

Produksieveiling

Duurste dorperram op die veiling – R150 000. Voor van links: Deon Klopper (Afslaer), Izak Brow (Hanteerder van Rooidam), Colene Grevelink (Koper van Hanover) en Charel Strauss (Verkoper van Keimoes). Agter is Izak Nel (Koper van Aliwal-Noord) en Niekie Cilliers (Verkoper van Keimoes).



Nasionale Dorperveiling

Duurste dorperooi op die veiling – R35 000. Van links is Charel Strauss (Verkoper van Keimoes), Niekie Cilliers (Verkoper van Keimoes), Izak Brow (Hanteerder van Rooidam) en Larry Dietrich (Koper van Marikana).



Nasionale Dorperveiling

Charolais-bul gaan vir R70 000

KLK het onlangs die produksieveiling van Freddie Markram by Kuruman se KLK veilingkrale aangebied.



Schalk van Heerden van Kuruman het die hoogste prys van R70 000 betaal vir 'n Charolais-bul van Freddie. Danie du Preez van KLK Lewendehawe Kuruman was die afslaer. Die omset op die veiling was R611 000. Die gemiddelde prys op die veiling was R40 733.

Duurste bul. Van links is Schalk van Heerden (Koper van Kuruman), Freddie Markram (Verkoper van Kuruman) en Danie du Preez (Afslaer van KLK).

Hoe lyk Desember-aanbod van skaapvleis?

Die groot vraag wat ons in hierdie uitgawe moet probeer antwoord, is: wat gaan oor die feestyd in die mark gebeur? As ons na die aannames in die vorige KLK Gesprek-uitgawe kyk, was ons nie te ver verkeerd nie, maar die vraag bly steeds of ons gedurende hierdie Kersgety 'n normale Desember-aanbod van skaapvleis gaan kry.

Ek dink nogal so, omdat ons dit ondervind dat diere teruggehou word en ook omdat daar op baie plase diere vir Desember gevoer word. Pryse van lamsvleis het met ongeveer 12% gedaal toe die lammers van die winterreënval- en oorgangsgebiede beskikbaar geraak het. Die somerreënvalgebiede se produksie is heelwat groter en ons verwag dat daardie lammers eers aan die einde van November beskikbaar gaan wees. Dieselfde geld ook vir die lammers uit Namibië.

Gewoonlik daal die grootste aanbod van die winterreënvalgebiede weer vanaf die helfte van November. Ten tye van die skryf van dié artikel het die prys reeds weer met ongeveer 3% gestyg omdat die aanbod begin daal het. Ons verwag dus 'n redelike normale aanbod van lammers vir Desember, in 'n mark wat 'n relatief lae aanbod gewoond is. Daarom dink ons nie die Desember-prys het die potensiaal om baie hoog te styg nie, maar 'n sywaartse beweging met 'n klein styging word verwag.

Beespryse het egter die laaste ruk aanhou styg, terwyl die aanbod redelik konstant gebly het. Een van die redes is waarskynlik dat die vraag na beesvleis hoër is, omdat 'n deel van die skaapvleis-klieënbasis weggeskuif het van skaapvleis en nou beesvleis verkies. Dit het net gebeur as gevolg van die groot prysverskil tussen skaap- en beesvleis. Die enigste manier om die kliënte na die skaapvleiskant terug te wen, sal weer deur prys wees en dit neem gewoonlik langer om te gebeur as die skuif weg van skaapvleis.

Speenkalwers is al vir die grootste deel van die jaar baie duur en die mielieprys styg steeds. Dit beteken dat voerkrale in tekorte inloop, wat weer hoër slag- en verbruikerspryse vir die maande vorentoe beteken. Beesvleisprodusente het dus ook 'n opwindende tyd wat voorlê.

Deon Heyns
Bestuurder: KLK Vleis



Arbeidsake...

Verblyfreg op plase – Deel 3

Voor uitsetting moet die grondeienaar eers die okkupeerder se verblyfreg beëindig. Die beëindiging kan in die vorm van 'n skriftelike kennisgewing wees, geadresseer aan die okkupeerder, waarin hy/sy in kennis gestel word om die woning te ontruim. Die kennisgewing moet ook die okkupeerder inlig op watter datum hy/sy die woning moet ontruim.

Dit is belangrik om te verstaan op watter basis 'n okkupeerder reg op verblyf ontvang het voordat 'n kennisgewing of brief vir beëindiging van verblyf gegee kan word, byvoorbeeld die indiensnemings- en/of huurkontrak moet tot 'n einde gekom het.

Indien indiensneming die rede was waarom 'n okkupeerder op 'n plaas begin woon het, dan moet die beëindiging van diens regverdig gewees het ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge. Indien 'n okkupeerder voel dat hy/sy onregverdig afgedank is, het hy/sy 30 dae vanaf die datum van sy/haar ontslag om sy/haar klagte na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie te verwys. Eers wanneer die KVBA beslis dat die okkupeerder regverdig ontslaan is, kan enige kennisgewing van beëindiging van verblyf, wat vir die okkupeerder gegee is, in werking tree.

Die voorwaarde/bepaling waarop die grondeienaar steun om die reg op verblyf te beëindig, moet billik wees. Byvoorbeeld, as persoon X 'n huurkontrak sowel as 'n werkkontrak geteken het en persoon X word regverdig afgedank, beteken dit nie noodwendig dat die grondeienaar die reg sal hê om persoon X se reg op verblyf te beëindig nie, want persoon X se reg op verblyf kan gekoppel wees aan die huurkontrak wat steeds geld.

Uitsetting van 'n okkupeerder

Die Extension of Security of Tenure Act (ESTA) bevat verskillende bepalinge/vereistes vir persone wat voor 4 Februarie 1997 okkupeerders geword het en vir dié wat daarna okkupeerders geword het.

Lees in die volgende uitgawe van *KLK Gesprek* meer hieroor.

Met dank en erkenning aan die *Lawyers for Human Rights "Security for Farm Workers Project"*.

Cobus Booysen

Bestuurder: Menslike Hulpbronne

Reënvalverwagtinge vir die somer

Tot middel-Oktober vanjaar het koue fronte steeds die land se weerpatrone beïnvloed, maar die reën in die Wes-Kaap, wat normaalweg geassosieer word met frontale stelsels, was swakker. In die somerreënvalgebied het reën begin voorkom oor die oostelike dele van die land, wat baie normaal is vir hierdie tyd van die jaar, alhoewel dalk 'n bietjie later as gewoonlik.

See-oppervlaktemperatuur in die Stille Oseaan is besig om 'n sterker neiging na La Niña of koeler as normale temperatuur te vorm as wat aanvanklike voorspellings aangedui het. Die aanduidings is egter dat die ontwikkeling nie so sterk sal wees soos die La Niña van 2010/2011 nie. Met die relatief koue en laat winter, die min reën in die lente asook baie winderige toestande, is dit tipiese nagevolge van La Niña-tipe ontwikkelings.

Indien die huidige La Niña-verskynsel die normale patroon verder volg, behoort gemiddelde tot bogemiddelde reën in die somer voor te kom oor die grootste gedeelte van die somerreënvalgebied. Dit behoort in die laaste deel van Oktober en veral November goed te reën oor die oostelike dele van die land en vanaf Desember uit te brei na die westelike dele. Met die swakker La Niña-verskynsel as in 2010/2011, behoort die reënval egter meer na normaal te neig as baie ver bo-normaal, veral weswaarts.

Baie warm toestande met relatief min reën behoort dus oor die Noord-Kaap en aangrensende gebiede tot in November voor te kom, maar kan dan heelwat verbeter vanaf Desember. Wat die lang termyn betref is die kans baie goed vir 'n El Niño-verskynsel vir die 2012/2013-seisoen. Historiese gegewens wys dat daar dikwels twee agtereenvolgende La Niña-seisoene voorgekom het, maar dat dit onmiddellik opgevolg is deur 'n El Niño-verskynsel met ondergemiddelde reënval.

Voorbeelde van hierdie opeenvolgings waar El Niño-verskynsels voorafgegaan is deur ten minste een, maar gewoonlik twee La Niña-verskynsels, is die El Niño-tipe ontwikkelings van 1957/1958, 1972/1973, 1986/1987, 1990/1991, en 2001/2002. Selfs in 1976/1977, ná die

El Niño		
Swak	Matig	Sterk
1951	1986	1957
1963	1987	1965
1968	1994	1972
1969	2002	1982
1976		1991
1977		1997
2004		2009
2006		

La Niña		
Swak	Matig	Sterk
1950	1954	1955
1956	1964	1973
1962	1970	1975
1967	1998	1988
1971	1999	
1974	2007	
1984	2010	
1995		
2000		

vorige baie sterk La Niña-ontwikkelings vanaf 1973 tot 1975, was daar 'n sterk El Niño-opvolging direk na die laaste La Niña-verskynsel.

Om op te som

- 'n Tweede agtereenvolgende La Niña-seisoen word verwag, alhoewel die huidige La Niña-ontwikkeling swakker is as die van 2010/2011.
- Gemiddelde tot bogemiddelde reënval word verwag vir die mid- tot laat-somer van die 2011/2012-somerseisoen.
- Daar is steeds baie sterk aanduidings van 'n El Niño-verskynsel vir die 2012/2013-seisoen wat ondergemiddelde reënval tot gevolg kan hê.

Bron: <http://ggweather.com/enso/oni.htm>

Artikel geskryf deur Johan van den Berg (Bestuurder: Gespesialiseerde oesversekering, Santam Landbou).

Op soek na kwaliteit houtpale vir jou boerdery?

Low's Creek Treated Timber (LCTT) is een van die grootste paalbehandelingsaanlegte in Suid-Afrika en verskaf kreosoot (teer), CCA- sowel as onbehandelde pale.

Die wingerd- en omheiningsafdeling is in September 2009 gestig en het sedertdien teen 'n enorme koers gegroei. Die groei is te danke aan talle groothandekliënte, sowel as produsente en ander privaatverbruikers wat as die eindmark dien.

Die maatskappy is ISO 9001:2008, SABS 754:2010 en SABS 457-3:2000 geakkrediteer. In 2010 is LCTT bekroon met die "Best Quality Product for Large Enterprises"-toekenning deur die Departement van Handel en Nywerheid asook die SABS. LCTT se direkteure en aandeelhouers besit talle bloekomplantasies, wat toelaat dat roumateriaalpryse so laag as moontlik gehou kan word.

Tabel 1 dui die verskil tussen H4- en H5-behandelde pale aan. Dit is 'n direkte uittreksel van die SABS 457-3 spesifikasie waaraan die wingerd- en omheiningspale onderhewig is.

Tydens CCA-behandeling vereis H4 'n minimum van 12 kg/m CCA-retensie, terwyl H5 'n minimum retensie van 16 kg/m vereis. Wanneer pale met kreosoot behandel word, vereis H4 'n retensie van ten minste 100 kg/m, terwyl H5 ten minste 130 kg/m vereis.

By beide kreosoot en CCA-behandeling vereis H4 'n minimum penetrasie van 13 mm, terwyl H5 'n minimum van 20 mm vereis. Hoe sterker en dieper die behandeling toegedien word, hoe minder laat die proses toe vir na-behandelingsblootstelling

aan die elemente in die omgewing en die omstandighede van elke paal.

Die SABS beveel dus aan dat H4-pale gebruik word vir omheiningsdoeleindes en H5 vir wingerddoeleindes. Korrekte aanwendings sal die lewensduur van die pale verleng.

LCTT se fabriek is geleë in Mpumalanga, sowat 50 km vanaf Nelspruit. Vir meer inligting, skakel vir Kobus van Zyl (Areabemarker: LCTT) by 082 872 5590.

Tabel 1: Wat is die verskil tussen H4- en H5-behandelde pale?

Klas van behandeling	Aanwending	Eindgebruik
H4	Hout wat in direkte kontak met die grond is (omheiniging).	Landbou, boubedryf, afdakke, priële, speelrame vir kinders.
H5	Hout wat permanent of periodiek in water of nat grond staan.	Landbou, pale onder besproeiing, brûe, jetty's.

Steek 'n R500 geskenkbewys in jou sak

'n Gelukkige leser kan 'n R500 KLK geskenkbewys wen – met komplimente van LCTT. Om in aanmerking vir dié prys te kom, beantwoord net dié maklike vraag: **Wat is die naam van die KLK abattoir wat tans oorgedoen word?**

Inskrywings

Stuur jou inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Ilse van Zyl, KLK Landbou Beperk, Posbus 86, Upington 8800 of stuur 'n faks na 086 5500 224 of e-pos ilse@klk.co.za. Inskrywings moet haar voor of op 23 Januarie 2012 bereik.

Baie geluk aan Willem Koopman van Loe-riesfontein wat in die September 2011-uitgawe die Baymec parasietdoder gewen het.

Reëls

Alle KLK Gesprek lesers mag aan die kompetisie deelneem

- Slegs een inskrywing per persoon
- Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van KLK Gesprek verskyn
- Die prys sal na die naaste KLK handelstak gestuur word en kan daar afgehaal word
- Die prys kan nie vir kontant verruil word nie
- Die prystrekking word deur Infoworks Media Publishing op Klerksdorp behartig.



Inskrywingsvorm

Naam en van:

Adres:

Tel:

Antwoord:



KLK Gesprek is 'n nuusblad wat vier keer per jaar namens KLK deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.

NAMENS KLK LANDBOU BPK
Ilse van Zyl *
 (054) 337-6202 • ilse@klk.co.za

* Vir navrae oor die verspreiding van KLK Gesprek, of adreswysings, kontak vir Ilse van Zyl.

REDAKSIE

Ruth Davies
 (018) 468-2716
ruth@infoworks.biz

Johan Smit
 (018) 468-2716
johan@infoworks.biz

BLADUITLEG EN DRUK

Infoworks
 (018) 468-2716
www.infoworks.biz



Parasietweerstand is 'n werklikheid

'n Probleem wat baie produsente ervaar, is om die beginsel van voorkomende dieregesondheid, winsgewendheid en refugia saam toe te pas. Refugia is die wetenskaplike term wat gebruik word om die hoeveelheid parasiete wat blootstelling aan 'n wurmmiddel "vrygespring" het, te beskryf.

Dave Midgley (Skaapkonsultant) gee raad oor hoe om dié probleem aan te spreek.

In sekere tye van die jaar (somermaande in die geval van haarwurm in ons gebied) kom slegs ongeveer 3% van 'n wurmpopulasie in skape voor. Gereelde dosering het dan 'n relatiewe "klein" invloed op die ontwikkeling van weerstand. Daarenteen kom baie parasiete tydens die wintermaande in skape as oorwinterende larwes voor en kan 'n enkele dosering weerstand geweldig versnel.

Die bestuur van refugia is baie belangrik by die verwisseling van kampe na dosering om seleksie vir weerstand te voorkom of te verlaag. Hoe vroeër jy hiermee begin, met ander woorde hoe minder weerstand daar reeds is, hoe beter. Indien jy dus reeds weerstand teen al die beskikbare middels het, maak dit nie regtig sin om hierdie parasiete op jou plaas te probeer "bewaar" nie.

Bestuur van refugia in die praktyk

- ◆ Moenie alle skape gelyktydig behandel en in 'n "skoon" kamp plaas nie. Doseer hulle met 'n "kortwerkende" middel en sit hulle dan terug in die kamp waar hulle was of skuif hulle na die nuwe kamp vir 'n tydperk (afhange van die tipe parasiete wat voorkom asook die eiertelling – EPG) en doseer dan eers nadat daar genoegsame refugia op die nuwe kamp geskep is.
- ◆ Laat ongeveer 10% van die kudde ongedoseer om "vatbare" wurms te "saai". Heelwat navorsing moet egter hieroor gedoen word, omdat daar nog nie sekerheid is watter 10% skape gelos behoort te word nie. Ongelukkig is die 10% beste skape in 'n trop meestal weerstandbiedend, wat lae eiertellings tot gevolg het. Hul bydrae tot refugia kan dan baie gering (te laag) wees om 'n verskil te maak. Daarenteen is die risiko weer baie hoog as jy die swakste skape los, aangesien van hulle kan vrek as gevolg van parasietbesmetting en die produsent dan onnodige skade ly.
- ◆ Hou twee troppe saam, maar doseer hulle afsonderlik. Dit is prakties moontlik by meerpaarstelsels of waar sonars gedoen word. Verdeel die dragtige ooie in vroeg en laat dragtig volgens dekdatus of volgens die grootte van die fetusse en doseer hulle afsonderlik.
- ◆ Geteikende selektiewe behandeling
Gebruik die FAMACHA®-stelsel en die "vyfpunt-check"-kaart. Hierdie praktyke het juis hul ontstaan te danke aan weerstand en is ontwikkel as weerstandbevegters. Deur hulle te gebruik, word slegs die diere wat werklik erg besmet is, en nie daarmee kan saamleef nie, gedoseer. Daar is dan altyd genoeg skape "in refugia" oor om die weiding van vatbare parasiete te voorsien.

Persoonlik is ek nog nie oortuig of die stelsel prakties toegepas kan word op groter ekonomiese eenhede nie en of die besparing in doseringskoste die ekstra koste aan arbeid en bestuur regverdig nie. Ek voel ook dat dit gevaarlik is om die stelsel te gebruik om te besluit of jy moet doseer al dan nie, omdat dit te laat in die lewensiklus van die wurm gedoen word

en die skade dan reeds gedoen is. Ek verkies dus om hulle eerder as moniteringstelsels saam met miseiertellings te gebruik, as om hulle te gebruik in besluitneming om te doseer al dan nie.

Opsommend

Weerstand is 'n feit. Dit kos die skaapbedryf jaarliks miljoene. Weerstand is geneties – oordraagbaar van generasie na generasie. Produsente moet dus nuwe produkte anders bestuur om te verseker dat al die beskikbare wurmmiddels so lank as moontlik gebruik word. Ondersoek alle gevalle waar weerstand vermoed word deeglik en rapporteer positiewe gevalle aan jou veearts asook aan die medisyne-maatskappye wie se produkte ter sprake is.

Wat om in ag te neem by die uitwerk van 'n doseerprogram:

- 'n Doseerprogram is slegs 'n riglyn en moet aanpasbaar wees by die produsent se omstandighede.
- Vir 'n doseerprogram om suksesvol te wees, behoort dit op 'n duidelik sigbare plek vertoon te word.
- Voordat 'n doseerprogram opgestel kan word, moet daar eers bepaal word watter wurmsoorde voorkom en of daar weerstand teen enige wurmmiddelgroepe bestaan.
- Parasietbeheer lê nie net in 'n doseerkan nie. Die weidingstelsel, byvoedingsbeleid en algemene bestuursprogram moet ook in ag geneem word.
- "Veilige weidings", soos oesreste (waar beskikbaar) of spaarkampe, moet in die beheerprogram gebruik word om die wurmllewensiklus so ver doenlik, sonder die gebruik van wurmmiddels alleen, te onderbreek.
- Eenvoud is van kardinale belang by doseerprogramme.
- As algemene riglyn word die tydsberekening vir 'n doseerprogram bepaal deur bestuursfaktore (vir individuele boerdery) en seisoenskommelings (fenologie).

'n Tienpuntplan om parasiete en parasietweerstand te bestuur

1. Werk saam met 'n veearts 'n wurmbeheerstrategie uit.
2. Gebruik effektiewe kwarantynprosedures om te verhoed dat jy weerstandige parasiete "invoer".
3. Toets vir wurmweerstand.
4. Dien wurmmiddels korrek en effektief toe.
5. Gebruik middels slegs wanneer nodig en dan as deel van 'n totale strategie.
6. Verminder hoë risiko strategieë.
7. Kies die regte middel vir die geteikende probleem/parasiet.
8. Handhaaf 'n vatbare populasie wurms op die plaas (refugia).
9. Verminder jou afhanklikheid van doseermiddels alleen.
10. Gebruik verskillende middels ná mekaar of in kombinasie met mekaar.

Die artikel is geskryf deur Dave Midgley. Vir meer inligting skakel hom by 082 493 3423 of stuur 'n e-pos na dave.midgley@vodamail.co.za.